



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

31/2026

10 September 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons spring hierdie uitgawe weg met dankbaarheid, dankbaarheid vir 'n ouergemeenskap en breër Oosie-gemeenskap wat nie net belangstel in wat by ons skool gebeur nie, maar wat telkens bereid is om betrokke te raak, hand by te sit en saam met ons te bou. Deur ondersteuning, borgskappe, kundigheid, tyd en soms sommer net 'n gewillige paar hande, word idees in werklikheid omskep en kan ons voortdurend ons skoolomgewing verbeter tot voordeel van ons leerders.

Die afgelope paar weke het ons opnuut besef hoeveel daar is om voor dankbaar én trots te wees. Op akademiese gebied, die sportveld, die kultuurverhoog en binne ons breër skoolgemeenskap het Oosies hulself laat geld. Ons deel graag enkele van hierdie hoogtepunte.

Dertien Oosies het vroeër vanjaar aan die Proverto Olimpiade, 'n gesogte nasionale akademiese kompetisie, begin deelneem. Die olimpiade bied aan leerders die geleentheid om hul vakkennis, kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede op nasionale vlak te toets. Ons leerders het uitstekend in die finaal gevaar: Juandre Erasmus (Gr. 11) – 100%; Heinrich Kok (Gr. 11) – 90%; Ruben van Blerk (Gr. 11) – 87%; Jessica Westfall (Gr. 11) – 83%; Christal du Plooy (Gr. 10) – 83%; Aiden Badenhorst (Gr. 11) – 73%; Amy Galetti (Gr. 10) – 67%; Devin Peuckert (Gr. 11) – 67%; Juann du Toit (Gr. 11) – 63%; Erwee Viljoen (Gr. 11) – 63%; Jolene Els (Gr. 11) – 60%; Caitlynn Heymans (Gr. 10) – 60% en Liam Strydom (Gr. 10) – 50%. Juandre se uitsonderlike 100% is 'n prestasie waarop ons besonder trots is. Nou wag ons met groot afwagting op die finale nasionale uitslae om te hoor of hy as nasionale wenner aangewys word.

Die sportspanne het weer gewys dat deursettingsvermoë en harde werk beloon word. By die Fast Five Tshwane Uitspele op 7 September het ons o.17 Senior Geel-netbalspan 'n uitstekende 2de plek behaal en daarmee deurgedring na die Gauteng Uitspele op 12 September. Die o.15 Junior Geel Babas het 5de en die o.15 Junior Blou Babas 8ste geëindig. Tydens die Gauteng Cycle Lab-reeks: Eye of Africa het ons bergfietsryers behoorlik die stof in hul mededingers se oë gery. Oos-Moot het 'n indrukwekkende 15de plek uit 56 skole behaal, 'n prestasie waarop ons baie trots is. Leam van Veenhuyzen het die pedale behoorlik laat draai en 'n uitstekende 2de plek losgery, terwyl Cloë Muller kort op sy hakke gevolg en 'n puik 3de plek verower het.

In landloop het ons Oosies ook gewys dat hulle nie maklik uit asem raak wanneer die uitdaging groter word nie. Mizaan Louwies, Alex Deyssel en Chanel Groenewald het op 5 September hul hardloopskoene op nasionale vlak vasgeknoop en Oos-Moot by die ASA Landloopkampioenskappe verteenwoordig. Chanel het behoorlik hakskeene gewys en met 'n uitstekende 2de plek in die 2 km Dash huis toe gekom. Mizaan, Alex en Chanel – om tot op nasionale vlak deur te dring, is reeds iets besonder. Ons leerders is nie die enigstes wat die kilometers kafdra nie. Me. R van der Walt (onderwyseres) het ook op die landloopbaan uitgeblyk en Noord-Gauteng-kleure verwerf.

Die sportaksie is nog lank nie verby nie. Hierdie komende naweek is daar weer heelwat Oosies wat hul tekkies gaan vasmaak, truie gaan aantrek en alles gaan gee. Sterkte aan ons atlete wat by die TOP 12 TUT-atletiekbyeenkoms aantree, ons 7's-rugbyspelers met hul volgende uitspele en ons o.17 Fast Five-netbalspan wat op pad is na die Gauteng Uitspele. Neem deel met hart en geniet elke oomblik.

Ons Oosie-koor is behoorlik besig om hul stem dik te maak. Onder leiding van 'n begeesterde koormeester gaan hierdie nuwe koor van krag tot krag en by die ATKV-Kunswedstryd by die Voortrekkermonument het hulle gewys dat hulle beslis gehoor wil word. Met 'n uitstekende A++ vir hul program het hulle sommer hul eerste goud as nuwe koor losgesing. Wat 'n spesiale mylpaal so vroeg in hul koorpad, ons sien uit na nog baie mooi Oosie-klanke. As daar 'n verhoog is, kan ons All Stars mos nie ver agter wees nie. Hulle het behoorlik die kollig gesteel en 'n puik 3de plek by die Kaleidoscope-kompetisie in die Advanced High Schools-afdeling verower. Nou wink die SA Kampioenskappe op 11 en 12 September by Moreleta NG Kerk.

Ons debatteerders het gewys dat Oosies nie net vinnig op hul voete is nie, maar ook blitsvinnig is met 'n goeie argument. Tydens die ConSpirito-semifinaal is daar behoorlik koppe gekrap, standpunte verdedig en woorde geweeg, en twee Oos-Moot-spanne het hul pad oopgepraat tot by die Landsfinaal wat op 23 en 24 September in Tulbagh in die Wes-Kaap plaasvind. Ons juniorspan, Marli Pretorius en Zander le Roux, en ons seniorspan, Beané Bouwer en Jewan Gouws, gaan daar die Oosie-naam hoog hou. 'n Spesiale gelukwensing ook aan Beané en Jewan met hul semifinalewen teen AHS, asook aan Christal du Plooy en JD Bronkhorst wat hul debat teen Hoërskool Pietersburg gewen het. Tulbagh, maak reg, die Oosies het iets te sê!

Met groot trots stel ons ons nuutverkose hoofleiers bekend. Om die vertroue van jou medeleerders en skoolgemeenskap te ontvang om voor te loop, is 'n besondere voorreg, maar ook 'n taak wat moed, karakter en 'n groot Oosie-hart vra. Baie geluk aan Philip Malan (Hoofseun), Leané Theron (Hoofdogter), Erwee Viljoen en Tilanie Theron (Druppelvoogde). Julle kry nou die geleentheid om nie net leiding te neem nie, maar ook om julle eie voetspore in Oos-Moot se storie te los. Lei met integriteit, dien met 'n oop hart en geniet elke oomblik van hierdie besondere jaar. Die Oosies staan agter julle, vat die leisels en maak dit 'n jaar om te onthou.

Ons wil ook 'n bietjie spog met ons Graad 12-Gasvryheidstudieleerders. Met Bonne Cuisine het hulle nie bloot 'n restaurant-aand aangebied nie, hulle het vir hul gaste 'n belewenis geskep. Van die eerste voorbereidings en mooi gedekte tafels tot die geregte wat met trots voorgesit is, kon 'n mens sien: hierdie Oosies het hul harte daarin gesit! Agter elke glimlag, elke netjiese bord en elke klein detail het ure se beplanning, harde werk en spanwerk gelê. Die klaskamer het vir 'n aand plek gemaak vir 'n regte restaurantomgewing, en ons leerders het gewys dat hulle hul kennis met selfvertroue en professionaliteit in die praktyk kan toepas.

Nog 'n hoogtepunt was die jaarlikse Netbal Legends, aangebied deur die **OosieBond**. Vanjaar is reeds die derde aanbieding van hierdie fondsinsamelingsprojek. Die hoofwedstryd tussen die Oos-Moot Legends en Montana Legends het vir groot opwinding gesorg en selfs ekstra tyd vereis. Vir die derde agtereenvolgende jaar het die Oos-Moot Legends uiteindelik as weners uit die stryd getree. 'n Projek van hierdie omvang is slegs moontlik danksy mense en ondernemings wat bereid is om saam met ons in Oos-Moot te belê. Ons opregte dank aan die **OosieBond**, Lunarcom, Van Niekerk Eiendom, PJ Viljoen Finansiële Dienste, Gys Pitzer, Compendium, IDA, Polycomp, Body Bliss, JumpInc, Living Ball, Slukkie Water, Jakaranda Engravers en NJ Netbal vir hul ondersteuning en bydraes.

Daar is sekere projekte wat 'n mens sommer na aan die hart lê, projekte waaroor daar lank gedroom en gesels word, planne gemaak word en mense opgewonde begin hand bysit. Ons Matriektuin is só 'n projek. Wat aanvanklik net 'n idee en 'n droom was, het met baie entoesiasme, ruimhartige borgskappe en 'n hele klomp gewillige hande uiteindelik 'n werklikheid geword. Hoe lekker is dit nie om nou te kan terugstaan en sê: Kyk net wat het ons saam reggekry!

Skuins oorkant die kafeteria, tussen die groot gevestigde bome, het 'n gewone stukkie skoolterrein verander in 'n eie kuierplek vir ons matrieks. Daar is bankies en gemaklike sitareas tussen die natuurlike klip, 'n vuurpit waar daar lekker gekuier kan word, liggies wat saans 'n warm atmosfeer skep, en selfs water en krag is aangelê sodat die ruimte ten volle benut kan word. Die bome sorg vir koelte, die klipwerk en plante gee karakter en die hele area het sommer daardie lekker, ontspanne Oosie-gevoel gekry.

Dit is presies wat ons vir ons Graad 12's wou skep, 'n plekkie wat hulle, hulle eie kan noem. Iewers waar hulle tussen klasse, take, toetse en die gejaag van 'n matriekjaar 'n bietjie kan afskakel, saamkuier en net mekaar se geselskap kan geniet. Hierdie laaste skooljaar gaan vinnig verby, en dikwels is dit juis die gewone oomblikke saam met maats wat later die kosbaarste herinneringe word.

Soos met soveel goeie dinge by Oos-Moot, het hierdie tuin nie sommer vanself uit die grond gespring nie! Agter elke bankie, klip, liggie en nuwe toevoeging is daar mense wat geglo het in die idee en bereid was om iets daarvan te gee: tyd, materiaal, kundigheid, borgskappe, energie en harde werk.

Daarom sê ons 'n baie groot Oosie-dankie aan Moot Sand en Klip, Tuscan Stone, Peet van Inheemse Bome, SMT Kontrakteurs, die **OosieBond** en ons Oosie-ouers. Julle het saam met ons 'n droom gebou wat nog lank ná vanjaar se matriekgroep deel van Oos-Moot gaan wees.

Die mooiste van die Matriektuin is dalk juis dat dit vertel wat kan gebeur wanneer 'n gemeenskap saam droom, saam gee en saam moue oprol.

Ons skool se sukses lê nie net in prestasies, uitslae en projekte nie. Dit lê in leerders wat hul talente ontwikkel, personeel wat die ekstra myl stap, ouers wat ondersteun en 'n gemeenskap wat saam met ons bou. Aan elke Oosie wat die afgelope tyd deelgeneem, ondersteun, afgerig, gehelp, geborg of sommer net langs die kantlyn aangemoedig het, dankie dat julle deel is van dit wat Oos-Moot besonders en uitnemend maak.

Vriendelike groete
Me S Theron
HOOF



ALGEMEEN

16 Sept.	FOTODAG 3
22 Sept.	ATKV Talentaand
23 Sept.	Skool sluit
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

BELANGRIKE KENNISGEWING

UITTEKEN VAN LEERDERS TYDENS SKOOLURE

Die skool ervaar 'n toenemende aantal leerders wat gedurende die skooldag vroeg uitgeteken word. Hierdie onderbrekings het 'n direkte invloed op akademiese tyd, klasroetines en die administratiewe werkslading van personeel.

Ons doen daarom 'n beroep op ouers om ons te help om waardevolle onderrigtyd te beskerm. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) beklemtoon die belangrikheid van gereelde skoolbywoning en bepaal in Artikel 3(1) die verpligte skoolbywoning van leerders van verpligte skoolgaande ouderdom.

Belangrik:

Geen leerder mag gedurende skoolure die skoolterrein verlaat voordat die leerder volgens die skool se voorgeskrewe prosedure (**UITTEKENPROSEDURE**) uitgeteken is nie.

Met die oog op die beskerming van akademiese tyd, sal die volgende riglyne voortaan geld:

- **Leerders sal slegs aan die einde van 'n periode geroep word.** Indien 'n periode reeds begin het, sal die ouer/voog ongelukkig moet wag totdat die periode verby is voordat die leerder geroep word.
- **Leerders sal nie tydens pouse geroep word om uit te teken nie.** Indien 'n leerder reeds tydens pouse op die terrein is, sal die ouer/voog moet wag totdat die leerder weer in die klas is.
- Mediese afsprake kan asseblief na skool gedoen word, tensy dit 'n noodgeval is.
- **Moet asseblief nie leerders kort voor die einde van die skooldag kom uitteken nie.**

Elke periode is waardevol. Wanneer 'n leerder gedurende 'n les geroep en uitgeteken word, verloor die leerder nie net onderrigtyd nie, maar word die klas en onderrigproses ook onderbreek.

Ons vra daarom ouers se samewerking en ondersteuning om onnodige uitteken gedurende die skooldag tot die minimum te beperk. Deur saam te werk, kan ons verseker dat ons leerders se akademiese tyd optimaal benut en beskerm word.

Wag-area tydens die uittekenproses

Ouers/voogde wat 'n leerder kom afhaal, word vriendelik versoek om die volgende prosedure te volg:

- Meld by ontvangs aan sodat die uittekenproses begin kan word.
- Nadat die nodige reëlins getref is, vra ons vriendelik dat ouers asseblief buite die kantoorblok of in hul voertuie vir die leerder wag, eerder as in die ontvangsarea.

Ontvangs vorm deel van 'n besige administratiewe werksomgewing waar personeel deurlopend oproepe, navrae en ander skooladministrasie moet hanteer.

Deur die ontvangsarea sover moontlik oop en rustig te hou, help u ons om hierdie funksies doeltreffend en sonder onnodige onderbrekings te verrig. Ons waardeer u begrip en samewerking in hierdie verband.

GRAAD 8'S 2027: AANLYN PLASINGS

Die aanlyn aansoektydperk vir graad 8-toelating op die Departement van Onderwys se aanlyn platform het gesluit.

Die plasing deur die Gautengse Departement van Onderwys sal na verwagting vanaf middel Oktober begin.

Ouers word aangemoedig om gedurende hierdie tydperk die skool se mediaplatforms gereeld dop te hou vir verdere inligting en belangrike kommunikasie rakende die toelatings- en plasingproses.

Belangrike datums

- 4 September 2026: Aanlyn aansoeke gesluit
- Middel Oktober 2026: Plasingproses begin

FOTODAG 3 – 16 September

Die skool se **laaste fotodag vir 2026** vind op Woensdag, 16 September, in die skoolsaal plaas.

Die akademiese dag gaan soos normaal voort en leerders sal deur die loop van die dag vir hul onderskeie groepphoto's uitgeroep word.

Kleredrag

Leerders moet die korrekte sportdrag dra vir die betrokke sportfoto. Waar skooldrag vir 'n foto vereis word, moet winterdrag met kleurbaadjie en das gedra word. Geen truie of serpe word vir die foto's toegelaat nie.

Groepe wat afgeneem word:

Bergfietsry	OosieLIG-bestuur
Debat	Oosie-Media
Druppelvoogde	Orkes en Drumline
E-sport	Public Speaking en Redenaars
Fotografieklub	Sagtebal
Gasvryheidskomitee	Rugby 7's

Hoofseun en –dogter	Teetyd Podcast
Hokkie (leerders se foto's wat nog nie geneem is nie)	Tennis
Krieket (dogters)	Tienertoneel
Krieket (seuns)	Trots Oosie-bestuur
Landloop	VLR
Matriekraad 2025/2026	Wonderlig

Bestelling van groeppfoto's

Groeppfoto's sal, sodra dit deur die fotografe beskikbaar gestel word, elektronies bestel en betaal kan word. Verdere besonderhede sal gekommunikeer word.

KEN JOU KIND DIE GEVARE VAN SOSIALE MEDIA

Beste ouer

Jou kind se wêreld is vandag nie net daar waar jy hulle kan sien nie. Sosiale media vorm 'n groot deel van hoe jong mense kommunikeer, hulself uitdruk en met ander verbind. Maar hoe weet jy wanneer jou kind aanlyn sukkel?

Solidariteit bied op 22 September om 19:00 'n gratis #Sosialemediawebinaar aan met dr. Serahni Symington.

Tydens hierdie praktiese sessie gaan jy meer leer oor:

- sosialemediageletterdheid;
- kuberboelie en groepsdruk;
- tekens dat jou kind moontlik aanlyn sukkel;
- gesonde grense rondom sosiale media; en
- hoe om moeilike gesprekke oor aanlyn gedrag en digitale verantwoordelikheid te voer.

Die fokus is nie om kinders van tegnologie weg te hou nie, maar om hulle te help om verantwoordelike en veerkragtige digitale gebruikers te word.

Datum : 22 September 2026
Tyd : 19:00
Waar : Solidariteit-aanlyn

Registreer by die volgende [skakel](#):

https://solidariteitveldtogte.co.za/skolier-webinaar-sessie-5-2026?utm_campaign=495873245-Skolier%20webinaar%20sessie%205-2026&utm_medium=email&_hsenc=p2ANqtz-8nWlgAdmgpbbrMAucUHC63cWF9t9X9685SJtRs5qJVN6x1_Ve31H8xjiMFCKoKBj omgjkG8eZC4iAXrBkyb8T7vhRMdGa0_BUoHlgTvsddSQ34&_hsml=145248519&utm_content=145248519&utm_source=hs_email

SPORT

HOKKIE VOORSEISOEN

Alle voornemende Oosie-hokkiespelers – seuns én dogters – word hartlik uitgenooi om by ons oefeninge aan te sluit. Geen vorige hokkie-ervaring is nodig nie. Kom leer en ontwikkel jou vaardighede onder leiding van provinsiale en nasionale afrigters.

Dae : Dinsdae en Donderdae
Tyd : 17:00–19:00
Plek : Oosie Astro

Benodighede:

Veldhokkiestok, hokkiebal, mondkerm, shinpads en lang hokkie-oefenkouse. Stokke kan aanvanklik geleen word. Spelers moet in kortbroeke/skorts en toe T-hemde oefen.

Navrae: hokkie@oos-moot.co.za

HOKKIE – OOSIE JUNIORS

Alle laerskoolseuns en -dogters wat graag hokkie wil speel, word uitgenooi om deel te word van ons Oosie-Junior Hokkie-familie. Geen vorige ervaring is nodig nie – almal is welkom!

Oefendag : Vrydae
Tyd : 16:00–17:00
Plek : Hoërskool Oos-Moot

Sluit by die [Oosie-Junior WhatsApp-groep](#) aan vir kommunikasie en verdere inligting. Skakel https://chat.whatsapp.com/Cov0LhCWJ2dKx1shIRiPR_L

Registrasie: Alle spelers moet geregistreer word. Volg die [registrasieskakel](#). Skakel: <https://forms.gle/GDP9LiVUDDCge91y5>

KULTUUR

MNR EN MEJ OOS-MOOT 2027

Ons nooi graag alle graad 10- en 11-leerders uit om in te skryf vir Mnr en Mej Oos-Moot 2027:

Datum open : 1 September
Sluitingsdatum : 18 September.
Inskrywingsfooi : R50 pp (finansies-kantoor)

Betaalbaar : 1 tot 23 September.
Indien die inskrywingsfooi nie betaal word nie, word die inskrywing nie in ag geneem nie.

Google Form vir inskrywing:

<https://forms.gle/xVtoC9cbYNTpnonP9>

Uitdunne vind soos volg plaas:

Eerste Rondte:

- **Woensdag, 7 Oktober: Dogters** – 14:15 – 18:00
- **Donderdag, 8 Oktober: Seuns** – 14:15 – 18:00
- **Kleredrag:** Skoolklere
- **Lokaal:** Restaurant

Tweede Rondte:

- **Maandag, 12 Oktober:** Finale Uitdunne – 14:15-18:00
- **Kleredrag:** Gewone klere
- **Lokaal:** Restaurant

ATKV TALENTAAND

Datum : 22 September 2026
Tyd : 18:00 vir 18:30
Plek : Skoolsaal
Kaartjies: R80.00 per persoon, beskikbaar op die Blou Rak. Kaartjieverkope open 31 Augustus 2026.

BUITEPRESTASIES (Prestasies buite skoolverband)

Vir die aanmeld van die onderskeie buiteprestasies klik op die spesifieke skakel.

SPORT

<https://forms.gle/FZeBTdsmxBPfT7Xp8>



KULTUUR

<https://forms.gle/Xwi9KdgBdTYZL8ARA>



PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Om te bestel en te betaal volg asseblief die skakel:

<https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar of kontak me C Meyer (bemarker) by bemark@oos-moot.co.za.



<https://tickets.tixsa.co.za/event/film-premiere-die-moot>

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

STUDIEMETODEKURSUS EN BREINPROFIELE VIR LEERLINGS

Baie leerlinge onderpresteer omdat hulle nie verstaan hoe die brein funksioneer t.o.v. konsentrasie en geheue nie. Hulle ken en verstaan ook nie die verskillende studiemetodes nie. Elke leerder moet die geleentheid gegun word om voldoende voorberei te word vir die eise van hoërskool en die voorreg hê om, volgens sy/haar vermoë, optimaal te presteer. Dit is 'n uitstekende, interessante en genotvolle kursus, wat met bringin geïnkorporeer word.

'n Paar fokuspunte van die kursus:

-  Funksionering van die menslike brein, positiewe denke, konsentrasie en geheue
-  Suksesvolle bereik van studiedoelwitte en tidsbeplanning
-  Studiemetodes, studiewenke en opsommetodes
-  Toetse/eksamens: beplanning en voorbereiding

Alle studiemateriaal word voorsien.

DATUM: 9 en 10 Oktober (Slegs vir graad 8-9's)

PLEK: Hoërskool Oos-Moot (Kamer 69)

TYD: 9de – 14:00 – 18:00
10de – 08:00 – 14:00

KOSTES:

- ✓ Studiemetodekursus alleenlik: **R600**
- ✓ Breinprofielvaluering en beroepsvoorgting: **R700** (Opsioneel, maar van onskatbare waarde.)

PAKKET BELOOP R1000 PER LEERDER
en dit sluit die kursus en breinprofiel in.

Indien u sou belangstel, is u welkom om vir my 'n e-pos na info@brainvize.net te stuur.

U sal die naweek voor die kursus 'n boodskap ontvang met die benodigdhede wat die leerder moet saambring.

Verstaan jou brein. Gebruik die regte metodes. Bereik jou doelwitte!